Hebreërs, Hoofstuk Sewe [2]

Seën julle! Ek dink, eers, het ons 'n babatjie hier, het Doc my net 'n paar minute gelede gesê, my broer, 'n broer na die vlees, wat wou hê. . . was vir toewyding. En nou as daardie moeders hulle kleintjies het wat hulle aan die Here wil toewy, sal ons bly wees om hulle net nou te kry. Hulle kom, bring hulle kleintjies nader.

239 Nou, en baie mense, hulle, wat hulle noem, doop hulle. Die Metodiste kerk doen dit, en ek meen die Nasaréners. Ek is nie seker nie. Nee. Ek dink dis waaroor hulle afgeskei het, was kinderdoop, die Nasaréners en die Vrye Metodiste. Maar, in elk geval, sommige van hulle, hulle doen een of ander ding. Maar, en sommige van hulle giet 'n bietjie water oor hulle. Sommige besprinkel hulle. En, maar ons probeer altyd net so na aan die Bybel bly as wat ons kan. Nou daar is geen Skrif in die Bybel vir 'n baba om besprinkel te word nie, ook geen Skrif in die Bybel vir enige persoon om besprinkel te word nie. Dis nie 'n Skriftuurlike ding nie. Dis 'n opdrag van die Katolieke kerk.

240 Maar hulle—maar hulle bring, het. . . Hulle het wel babas na Jesus gebring. En—en ons wil Hom verteenwoordig. Ons wil dieselfde ding doen wat Hy gedoen het. Hy het Sy hande op hulle geplaas en—en hulle geseën, en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van die Hemele." En dis wat ons voortgaan om hier by die tabernakel te doen, waar ons die ware Bybel, toegewyde manier, probeer voortsit, na die beste van ons wete.

241 So nou, as daardie moeder, of enige moeders hulle babatjies het om toegewy te word, terwyl Suster Gertie *Bring Hulle In* speel, wel, bring julle hulle na die altaar toe. Broer en ek sal afkom en die kleintjies toewy aan die Here. Goed.

Broer Neville. [Broer Branham en Broer Neville wy die babas toe. Leë kol op band—Red.]

242 Dankie, Suster Gertie. Dis baie mooi. Hoeveel hou van kindertjies? As jy nie, is daar iets met jou verkeerd, daar's iets verkeerd.

243 Nou, vanaand, nou om met die res van die dienste aan te gaan. Ons. . . waarom ek weer vanaand hierheen gekom het. Gewoonlik op hierdie dae wanneer ons genesingsdienste het, het ek slegs omtrent een per dag, omdat dit my so skud. Julle sal dit nooit weet nie. En hier by die huis is tweemaal so erg as êrens anders.

244 En ek het verskoning gevra vir so 'n flater daarmee te maak as wat ek vanmôre het. Maar die eerste ding wat my

onstel het, was toe Billy my kom sê het dat hy nie genoeg mense kon kry om gebedskaarte aan uit te gee nie. Hy kon slegs omtrent twaalf of veertien uitgee. En het gehad 'n . . . Niemand wou gebedskaarte hê nie. Ek skat alles was in orde. So toe, daardeur, het ek nooit gedink . . . En toe, toe ek daardie gebedskaarte begin roep het, het ek gedink ek sou al tien of twaalf kry, of wat ook al daarbinne was. Het hulle nadergeroep. Ek het by 'n sekere getal gekom, iets, en dit wou nie roep nie. En ek het geroep. Dit wou nie antwoord nie. En ek het nooit daaraan gedink nie, totdat Mev. Woods my nadergeroep het. Sy het gesê: "Broer Branham, Billy neem daardie kaarte en skommel hulle bymekaar, en gee hulle net uit. Hy kon dalk daardie nommer drie," (was dit nie?) "nommer drie in sy sak gehad het."

245 Sekerlik, hy gee gewoonlik die hele vyftig uit. As hy hulle voor die mense bring, skommel hy hulle deurmekaar. So almal . . . Dis nie vir sê: "Gee my nommer een," nie. Of, ons begin dalk nie by nommer een nie. Ons begin dalk by nommer vyftig, julle sal nie weet nie, en werk terug. Ons begin dalk by agt en gaan daarvandaan aan. Begin dalk by twintig en gaan daarvandaan aan. Ons weet nie. Maar hy skommel hulle en gee hulle uit aan die mense soos hulle hulle wil hê. En het nie gedink vanmôre nie, ek kon nog vier of vyf geroep het, en hulle sou nie daarbinne gewees het nie, want dit kon êrens ver in die twintigs of dertigs wees, julle sien. En, toe, maar die Here het dit uitgewerk, maar dit het net nie die—die regte dringendheid daaraan, soos dit van die huis af weg het nie. Ek probeer dit—probeer dit dalk nooit weer nie.

246 Maar, hier nie lank gelede nie, het ek die Here gevra of Hy ons 'n goeie byeenkoms sou gee, dat ek belowe het dat ek—ek Hom dit nie meer sal vra nie, omdat dit so 'n moeilike ding was. En dis teenstrydig met die Skrif. Sien? En as jy . . . Dis wat dit vir my moeilik maak. Want, met daardie wete, gee dit my 'n—'n neerlaag, van die begin af. Sien? Ek verloor, van die begin af.

247 Nogtans, iemand het iemand vanmiddag gebel. Mev. Woods is gebel deur iemand. En het gesê, dat: "Iemand in die kerk is vanmôre gebel, oor 'n man wat baie, baie siek was, wat na Christus gekom het vanmiddag, daarna." Dat die—die man wat baie siek was na Christus gekom het.

248 En nog 'n ding, Mev. Woods het vir my gesê dat ek met haar suster gepraat het, 'n ouer suster, dat ek werklik nou die dag in haar huis was en middagete by haar geëet het, of aandete by haar, daar in Kentucky. En die Almagtige God weet dat ek daardie vrou nie herken het nie. Sien? Dis reg. Maar . . . Visioene is soewerein. Ons weet nooit hoe hulle gaan loop of wat gaan gebeur nie. Dit hang van God af, en wat—wat plaasvind. Maar ek het geweet, met die wag vir hulle, wag daarvoor daar.

249 En nou die dag toe daardie dogtertjie hierbinne was, wat veronderstel was om onderskeidingsvermoë te hê, wat ek, nie. . . Sien, as God dit aan die hele wêreld sou gee, sou dit goed wees; maar as dit was, dit was teenstrydig met wat Hy vir my gesê het hier oorkant die straat, sien julle, 'n paar jaar gelede. En ons wou seker wees dit was reg, en die kerk, siende dat dit hier was, dit laat sien. En toe het ek wel daardie Mev. Snyder geroep. Suster Snyder. Sy is hier êrens. Sy's net so effens hardhorend. En die dametjie het dit sag gesê, en het gesê: "Jy het rumatiek," of artritis, so-iets.

250 Wat, ek geweet het dit was 'n gebreekte heup. En so. . . En toe het die Heilige Gees dit vanmôre na vore gebring. Sien?

251 Nou, wat dit is, dis 'n Goddelike gawe, en dit werk in sy soewereiniteit. Maar wat dit so moeilik maak hier in die stad, eerlikwaar, ek—ek raak verstrengel, die heeltyd, met bid vir die siekes hier. Of—of. . . Ek sal gaan, dit vir die mense sê. Ek sal gaan, sê: "Nou die Here het jou gesond gemaak. Jesus het jou genees toe Hy vir jou gesterf het negentienhonderd jaar gelede. Net daar is jy genees. Nou, sover dit God betref, sover dit Christus betref, is jy genees, negentienhonderd jaar gelede. Jou siekte was weg. Dit vereis jou geloof om dit te doen."

252 En dan kan daardie persoon voortgaan en nie gesond word nie. Dan gaan die persoon, sê: "Broer Branham het vir my gesê ek is gesond." Sien? Ek sê julle wat God gesê het.

253 Nou, wanneer dit direk aan 'n persoon gesê word, direk: "Dis SO SPREEK DIE HERE," oor 'n sekere ding wat gaan plaasvind. Dit sal vir jou net daar bewys dat jou genesing alreeds verseker is. Jou geloof het dit verseël. Sien? Die belofte is joune. Dit is nie my woord nie. Dis God se Woord, dat jy alreeds genees is. Sien? Maar jy net. . . Op een of ander manier, kan ek—ek net dit nie laat insink, by mense hier in Jeffersonville nie. Ek—ek kan dit net nie laat gebeur nie. Ek weet. Ek sal probeer om dit te verduidelik net so goed as ek kan, en dit sal net—sal net nie gebeur nie. Dis al wat ek kan sê.

254 Hier, nie lank gelede nie, het ek na 'n huis gegaan, na 'n man, en die man was sterwend. En hulle het my gebel: "Kom, bid vir hom. Die dokter het gesê hy sal nie tot die oggend lewe nie."

255 Ek het ingegaan. En die jongman het vir my gesê: "Mnr. Branham, ek wil nie sterf nie." Wel, vir seker wou die jongman nie. Hy het 'n familie van twee kinders daar gehad.

256 Wel, ek het daar gekom. Ek het gesê: "Nou kyk, wie is die dokter?" Hy het vir my gesê. Ek het gesê: "Nou, die dokter het dalk gesê jy gaan, jy gaan sterf, maar God het nog nie gesê jy gaan sterwe nie." Ek het gesê: "Nou, volgens die Bybel, is jy alreeds genees, omdat Jesus gesterf het vir jou genesing."

257 Hy het gesê: "Glo jy ek sal gesond word?"

258 Ek het gesê: "Ek glo dit absoluut."

259 Wel, as ek gegaan het om vir 'n man te bid, en nie daardie soort geloof gebruik het, om vir hom te glo nie; as ek gaan sê: "O, nee, nee, as die dokter gesê het jy gaan sterf, gaan jy sterf. Dis nou afgehandel." Nou, sal dit nou nie hierdie persoon wees om vir die siekes te kom bid nie? Ek sou nie daardie persoon in my huis wou hê, om vir my te bid nie. Ek wil iemand hê wat, selfs al sien hy dit nie, of nie, sou hy geloof hê en vir my op die belofte staan. Dis reg. En ek het gesê . . . hy . . .

260 Ons het gegaan en het gebed gehad. Ek het gesê: "Nou wees vol goeie moed."

261 Hy het gesê: "Bedoel jy dat ek gesond sal word?"

262 Ek het gesê: "Wel, sekerlik. God se Woord het gesê jy sal gesond word. Sien: 'As jy kan glo, is alle dinge moontlik.'"

263 Hy het gesê: "Goed, ek sal Dit glo." En het uitgegaan en vir sy vrou gesê, dit.

264 "Die man is sterwend, is hy nie?"

265 "Ja, hy is." En toe die volgende dag, het die man gesterf, of 'n paar dae daarna.

266 Toe gaan hierdie vrou uit en begin drink en tekere gaan. En een van die diakens, glo ek was dit, van hierdie kerk, het na die vrou toe gegaan en haar gevra of sy sou omdraai en terugkom kerk toe. Sy het gesê: "Ek sal niemand glo nie. Prediker Branham kom hier in en het vir my man gebid, het gesê hy gaan lewe, en hy het binne twee of drie dae later gesterf." Het gesê: "Ek sal nie glo nie." Nou is *sy* sterwend. Goed.

267 Maar, nogtans, julle sien, wys dit maar net dat mense nie aandag gee aan wat jy sê nie. Sien? Sekerlik. As ek vir 'n persoon gebid het, en ek—ek sê vir daardie mense hulle gaan lewe. Ek glo hulle gaan lewe. Maar ongeag, as my woord absoluut SO SPREEK DIE HERE was, en jy sou Dit nie glo nie, sou jy sterf, in elk geval. Sekerlik. *Hier* is SO SPREEK DIE HERE, en baie van hulle ontvang Dit en sterf. Baie van hulle gaan hel toe, wanneer SO SPREEK DIE HERE: "Jy hoef nie." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Sien? Dis wat . . . Dis alles op jou geloof gebaseer.

268 Broer Collins, ek dink nie hy is vanaand hier nie. Maar het geluister na hom vanmôre, hy het die moedigste praatjie daaroor gelewer. Sien? Sien? Hy het. Hy het gesê: "Nou, dieselfde geloof wat julle hierbo het, sal julle daar moet hê. Want, dis jou indiwiduele geloof, nie in jou denominasie nie, maar in Christus. Jy moet daardie geloof hê." Dis net presies reg. Absoluut.

269 En Goddelike genesing is op jou geloof gebaseer. Maar volgens God se Woord, SO SPREEK DIE HERE, dat elke

persoon genees is toe Jesus op Gólgota gesterf het. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom." Dit reg? *Het* daar vir ons. Die Bybel het gesê: "Jy is genees." So moenie met my fout vind nie, ek is net 'n prediker van die Woord. Gaan sê julle vir God dat Hy iets verkeerds gesê het, en God sal vir jou sê waar jou swakheid dan is. Sien? So, dis jou geloof. Jesus het gesê: "As julle kan glo. As julle kan glo."

270 Nou, wanneer jy hoor die Heilige Gees het jou geloof bevestig en dit solied gemaak, en het gesê: "SO SPREEK DIE HERE: 'Môre teen hierdie *sekere* tyd, sal julle 'n *sekere* ding hê. *Sekere* ding sal plaasvind. Dit sal hier wees op 'n *sekere* manier, en julle sal 'n *sekere* ding hier teëkom. Dit sal 'n teken wees vir julle.'" Nou, julle hou dit dop. Dis 'n afgehandelde werk, nou net hier.

271 Maar wanneer dit kom by Goddelike genesing te sê, moet ek Goddelike genesing plaas op dieselfde basis, van daardie manier, as redding. Elkeen van julle, maak nie saak wat jy gedoen het nie, jy is gered vandat Jesus gesterf het, want Hy het gesterf om die sondes van die wêreld weg te neem. Maar dit sal jou nooit enige goed doen voordat jy dit persoonlik aanneem en dit ondervind nie. Maar wat jou sondes betref, hulle is alreeds vergewe. Dis reg. Hy . . . "Aanskou die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem." Sien? Daar het julle dit. Nou onthou dit.

272 Nou, ek weet dat met onderrigting, in die Skrif, is ons 'n gemengde gemeente. En baiekeer, in die Boek van Hebreërs, wat nogal 'n diep Boek is . . . Ek gaan dit nou vir 'n ruk moet los. Ek gaan probeer vanaand om die laaste deel van daardie 7de hoofstuk klaar te maak.

273 En nou is daar baie vrae in julle gemoed, ongetwyfeld. Baie van julle het vrae, en ek sou ook gehad het. Nou, die volgende keer, as die Here wil, wanneer ek inkom . . .

274 Ek gaan nou Michigan toe. En dan, van Michigan af, gaan ek Colorado toe. En van Colorado af, na die Weskus. Nou—nou, wanneer ons inkom, as die Here wil . . . Nou, ek weet nie. As ek nie in Chicago is, Sondag, nie, is ek dalk hier terug vir die komende Sondagaand.

275 Nou hou ons ons pastoor hier uit die preekstoel uit vir omtrent ses weke, alles deur hierdie—hierdie—hierdie, hierdie boek hier. Sien? Nou ons . . . Ek hou nie daarvan om dit te doen nie. Broer Neville is 'n lieflike, gawe, vriendelike broer. En ek is seker dat hierdie kerk vir Broer Neville lief is.

276 Terloops, terwyl ek daarvan praat; iemand, êrens in hierdie omgewing rond, is skuldig aan die skryf van 'n paar kaartjies, om Broer Neville uit die preekstoel te kry. Jy sal dit met my moet afhandel. Uh-huh. Dis reg. Uh-huh. Ja, inderdaad. Nou,

ek wil hê julle. . . Het gesê die dia-. . . iets oor die diakenraad. Die diakenraad het nie een ding met daardie pastoor te doen nie. Nee, meneer. Die gemeente, volledig, het al die outoriteit. Dit is nie. . . 'n Diakenraad is net die polisiemanne hier in die kerk, net om orde te hou ensovoorts. Maar wanneer dit by reëls kom, moet die hele kerk so sê. Hierdie kerk is gebou op die soewereiniteit van die plaaslike kerk. Daarom, het ek niks te sê in die skuif van hierdie pastoor, of die inbring van een nie. Ek besit die eiendom, dis aan die kerk gegee. Julle almal is die kerk. Julle mense is die een wat beheer. Julle is, self, die kerk. En die Kerk, die heilige Kerk van God is die soewereiniteit, van die Heilige Gees in daardie Kerk. En al ding wat ek doen, is die eiendom besit, dit oorgee aan hierdie kerk, omdat dit oorgee vir 'n kerk, en dis belastingvry. En die kerk kies hulle eie pastore. Ek het niks daarmee te doen nie. En die enigste manier waarop hierdie pastoor ooit sou kon weggaan, sou wees die pastoor besluit self om te gaan, of die meerderheid van die stemme van die kerk sou moes sê: "Verander die pastoor." Dis die enigste manier. Geen diakenraad kan dit doen nie. Die diakenraad hou net orde en dinge in die kerk.

277 Die trustees, hulle het niks daarmee te doen nie, onderhou slegs die kerk. En hulle kan dit nie doen voordat daar 'n. . . Die hele raad van trustees kom bymekaar en sê: "Ons sal *dit* bou, of ons sal *dat* doen." Dan moet hulle die tesourier vra of hulle die geld het om dit te doen. Ja, meneer.

278 Maar as daar enige klagte teen enige lidmaat is, as 'n lidmaat 'n klagte teen mekaar het, of iets verkeerds, is jy veronderstel om na daardie broer te gaan, self; en praat met hom, jy en hy alleen. Dan as hulle dit nie wil aanvaar nie, dan vind die volgende ding plaas, jy neem een van die diakens of iemand, en gaan saam met jou na daardie broer. Dan as hy julle nie wil aanvaar nie, dan kom sê jy dit vir die kerk. Dan as die kerk. . . Dan, as hy nie die kerk wil aanvaar nie, dan het die Bybel gesê: "Laat hulle wees soos 'n heiden en 'n tollenaar." Dis reg.

279 En enige persone wat 'n skuldige persoon ken, en julle gaan nie na hulle en praat nie, dan is julle die deel van die kerk van God wat gaan antwoord vir daardie sonde. Dis reg.

280 En as enige persone dan 'n—'n klagte het teen 'n diaken, of teen die diaken of iemand in die kerk, vereis dit drie mense. Drie mense sal kom en sê, getuig, die mond van twee of drie getuies. Kom sê vir die pastoor dat daar 'n grief teen 'n diaken is. Dan as daar 'n grief teen 'n diaken is, die diaken is nie 'n—'n regverdige man, 'n—'n perfekte man nie. Hy moet die amp van 'n diaken sonder blaam beklee, en dan sonder blaam bevind word. En as daardie gemeente uitvind dat daardie diaken nie daardie amp onderhou nie, kry hy drie saam met hom en neem

dit na die pastoor toe. Daardie diaken word gevra om tuis te bly tydens die aand. En dan die pastoor van . . . kom en bring die gemeente bymekaar, noem die grief. En as die gemeente stem die diaken gaan voort, gaan die diaken voort. As hy ge- . . . stem die diaken word afgedank, kies hulle 'n nuwe diaken daardie selfde aand. Sien?

281 Daarom, geen enkele persoon het iets hierin te doen nie. Dis die meerderheid van die mense. Ja, meneer. As twintig vir hom stem, en een-en-twintig teen hom stem, gaan hy; of, vice versa. Sien? Dit is, dis die soewereiniteit van die plaaslike kerk en, dan, het elkeen van die lidmate 'n sê in die kerk. Gaan enigiets aan, verkeerds, dan kan hulle dit reg opneem, en al ding wat hulle moet doen is om voor God te wees dat hulle absoluut staan, sien dat niks die gang van die kerk hinder nie.

282 Maar die volle en volledige outoriteit van die kerk is die pastoor. Lees dit in die Bybel, kyk of dit nie Bybelse orde is nie. Dis presies reg. Daar is niemand bokant die ouderling nie. Ek het niks te doen met wat Broer Neville hier doen nie. Dit hang van julle en Broer Neville af. As Broer Neville doktriene van Jehova Getuies sou wou verkondig, hang dit van hom en julle af. Sien? As hy enigiets sou preek wat hy wil, is dit tussen julle en hom. Dis al. As die gemeente vir hom stem daarin, om dit te preek, is dit in orde. Dit hang van hom af.

283 Al ding wat ek doen, is net die eiendom besit. En as een of ander ding na vore kom, wat is soos die pastoor uitskuif, en hulle wil daaroor stem, sou julle nie 'n diaken kon vra om dit te doen nie. Julle sou my kom vra. Ek sou hierheen kom, sê: "As julle die pastoor wil uitskuif, sê my waarom? Het hy iets gedoen?"

284 "Ja. Ons het hom betrap, dronk. Of, ons het hom betrap dat hy *dit* doen, of iets doen wat nie reg is nie."

285 "Het julle drie getuies daarvan?"

286 "Ja. Ons het."

287 Daardie getuies moet eers verhoor word. "Moenie 'n aanklag teen 'n ouderling aanvaar tensy dit deur twee of drie getuies is nie, en laat hulle eers bewys word; teen 'n ouderling." Dan moet jy sweer dis so, dat jy dit gesien het; en dit bewys, dat jy dit gesien het.

288 En dan, as julle het, dan word daardie sonde openlik veroordeel, dat: "Dis verkeerd." Sê dan: "Gemeente, wil julle julle pastoor vervang?"

289 En as die gemeente stem: "Vergewe hom, en laat hom nog voortgaan," is dit hoe dit moet wees. Sien? Dat, is dit nie regverdig genoeg die manier om 'n kerk te bestuur nie? Dis wat die Bybel gesê het. Ons het geen biskoppe en toesighouers, en rade ensovoorts, skuif *hierdie* een in en het 'n

klomp outoriteit nie. Daar's niemand wat hier outoriteit het behalwe die Heilige Gees nie. Dis reg. Hy doen die skuifwerk. En ons neem Hom as die meerderheid van die mense, hoedat die mense gaan.

290 En dan as een kant *dit* wil doen, en die ander kant *dat* wil doen, en die kant wen. Die kant wat verloor, wat doen hulle daaroor? Gaan net saam met die res van hulle, sê: "Ons was dan verkeerd. Ons sal maar voortgaan, want die Heilige Gees het daardie keuse gemaak." Sien? Dis presies reg.

291 Soos Demokrate en Republikeine, solank ons staan as 'n demokrasie, as Amerikaners. As die Demokrate in is, moet die Republikeine saamwerk met hulle; Republikein in, die Demokraat werk saam. Sien? Dis presies wat ons 'n nasie maak. Wanneer ons dit ooit verbreek, verbreek ons ons demokrasie. Dis reg. Demokrate sê: "Ek gaan niks doen nie; Republikeine is in." Dan val ons. Ek is 'n Kentuckiaan: saam staan ons, en verdeeld val ons.

292 Nou as daar enigiets verkeerd is in die kerk wat julle ooit van weet, een of ander indiwidu of 'n persoon of enigiets, is julle pligsgebonde en sal voor God moet antwoord as julle nie daardie ding uitklaar nie; julle, die kerk. Nou, onthou, dit rus nie op my skouers nie. Dis op julle s'n. En enigiets verkeerds in die kerk, sal God julle dit laat verantwoord. Dis reg. Dis hoe Hy sy kerk bestuur. Dis hoe dit in die Bybel is. Dis die Bybelse orde. Dis die soewereiniteit van die plaaslike kerk. Die pastoor is die hoof. Dis reg. Amen.

293 Nou, om te kom by hierdie geseënde, ou Boodskap hier. Julle, nou ek wil hê julle moet dit weet. Dit word op band opgeneem, onthou, hierdie Boodskap. En die bandopnames van die kerk, die ordes en reëls van die kerk, is op bandopname. Dis volgens die Bybel. Ons bestuur dit nie; daar's niemand aan die hoof nie. Nee. Almal, ons is almal dieselfde. Maar, ons het 'n leier, wat die pastoor is, solank hy deur die Heilige Gees gelei word. Waar. Goed.

294 Nou, hieroor, gaan daar 'n klomp vrae wees. So die volgende keer wat hulle laat weet. . . En Broer Neville op die radio sit dat ek hier sal wees, skryf jy jou vraag neer, sodat ek en jy saam daaroor kan redeneer. Sal jy? Goed.

295 Ek weet ek het geleer oor die volharding van die heiliges. Ek het geleer oor die opperste Godheid van Jesus. Ek het geleer oor die sekuriteit van die gelowige, en voorbestemming, uitverkiesing, en baie van daardie dinge. Wat, weet ek, in my gemeente is baie wettieses, wat heeltemal in orde is. Absoluut. Maar, nou, die dinge, ek is ook 'n wettiese, en ek's 'n Calvinis. Ek glo net die Bybel. Dis al.

296 Nou, as sommige van daardie, vrae. En ek het geleer oor bewyse, sensasies, ensovoorts, en al daardie dinge waarvan julle dalk mag verskil het. So een van hierdie aande, miskien . . . Kom ons maak dit . . .

Is jy baie haastig om weer hierin te wees? [Broer Neville sê: "Nee."—Red.]

Kom ons maak dit Woensdagaand, hierdie komende Woensdagaand, dan dink—dink ek kan ek—ek hulle dan neem. Bring julle vrae in Woensdagaand, lê hulle hier neer op die platform, en die vraag oor die Bybel, goed, van wat ek nou oor geleer het. En Woensdagaand. En dan teen die volgende Sondag, dan, dink ek, moet ek—ek in Chicago wees, in elk geval. En ek gaan daarvandaan na Michigan. As die Here wil, sal ek Woensdagaand hier wees, om die vraag te probeer beantwoord so goed ek kan. En nou mag die Here genadig wees.

Nou laat ons ons hoof buig net 'n oomblik.

297 Nou, geseënde Here, hierdie is U groot ekonomie. Dis U kerk. Dis U, Here, wat beweeg, en ons wil beweeg soos die Gees van God ons beweeg. En ons bid nou dat U ons sal seën. En soos ons hierdie Boodskap voordra, en daar by hierdie diep dinge kom, bid ons dat die Heilige Gees hulle aan ons sal openbaar net soos wat ons behoefte het. Want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

298 Nou, o, ek . . . Hierdie Boek van Hebreërs, waardeer ek as een van die groot Boeke.

299 'n Bietjie lateraan, dit mag wees dat ek—ek moet . . . oorsee gaan, dit wat, as God toelaat, ek heel spoedig sal doen. Ek moet na Afrika gaan volgens 'n visioen. Ek dink ek sal nooit baie voorspoedig wees in my byeenkomste voordat ek na Afrika gaan en daardie visioen vervul nie. Nou, dan, sal dit waarskynlik een of ander tyd die komende lente wees.

300 Maar tussen daardie tyd, wil ek graag nog een boek uit die Boek van Hebreërs neem, dit is, die 11de hoofstuk van Hebreërs. En omtrent 'n week by daardie 11de hoofstuk bly, en elkeen van daardie karaktertrekke of karakters neem, en hulle karaktertrekke na vore bring. Sien? "Deur geloof, het Noag," dan die lewe van Noag neem. "Deur geloof, het Abraham," dan die lewe van Abraham neem. "Deur geloof, het Abel," dan die lewe van Abel neem. Sien? En dit naderbring. Sal julle daarvan hou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, dit sal wees, ons neem dan die hele Bybel in. En dan sal ons dit probeer, miskien, of in, sê, 'n week of tien dae van dienste, net een diens net na die ander, soos in 'n herlewing, een of ander tyd daar in die Kersvakansie rond, of so-iets, as die Here wil.

301 Nou, in die 7de hoofstuk van die Boek van Hebreërs, het ons hierdie groot Karakter teëgekom. Wie kan my sê wat Sy naam was? [Gemeente sê: "Melgisédek."—Red.] Melgisédek. Nou, wie was hierdie Melgisédek? Hy was die priester van die Allerhoogste God. Hy was die Koning van Salem, wat die Koning van Jerusalem was. Hy het geen vader gehad, of Hy het geen moeder gehad nie. Hy het geen tyd gehad dat Hy ooit gebore is nie, en Hy sal nooit 'n tyd hê dat Hy sal sterf nie. Nou, ons vind uit dat dit Ewig moet wees.

302 Ons het uitgevind dat die woord *vir altyd* beteken "'n tydsbestek." Onthou julle dit nog? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] 'n Tydsbestek, dis vir altyd en vir altyd. En *vir altyd* word bevestig, baiekeer, in die Bybel as "'n—'n tydsbestek."

303 Maar, Ewigheid, en daar's net een tipe van Ewige Lewe, het ons gevind. Is dit reg? God het daardie Ewige Lewe, alleenlik. Is dit reg? Slegs een tipe Ewige Lewe. Daar is nie so 'n woord soos "Ewige straf" nie. Want, as jy vir Ewigheid gestraf gaan word, moet jy Ewige Lewe hê. Om Ewiglik gestraf te word, sou jy Ewiglike moes hê. En as jy Ewige Lewe het, kan jy nie gestraf word nie, sien, as jy Ewiglike het. "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe." Is dit reg? Ewige Lewe, omdat jy glo. Wel, as jy Ewige Lewe het, kan jy nie gestraf word nie, omdat jy *Ewige* Lewe het. So, dan, as jy in die hel gaan ly vir altyd en vir altyd, moet jy Ewige Lewe hê.

304 Maar, nou, ek glo wel dat die Bybel leer van 'n letterlike brandende hel. Die Bybel leer dit, dat die sondes en boosheid gestraf sal word, vir altyd en vir altyd. Dis nou nie Ewigheid nie. Dis miskien vir tien biljoen jaar. Dit mag vir 'n honderd biljoen jaar wees, maar een of ander tyd moet dit 'n einde hê. Want, alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde. Dis daardie dinge wat nie 'n begin het nie, dit het geen einde nie.

305 Onthou julle daardie les nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoedat ons teruggegaan en uitgevind het dat alles wat 'n begin gehad het, verdraai is, sien, 'n verdraaïng weg van die kern af. En, uiteindelik, kring dit weer op na 'n Ewigheid. En dan sal alle hel, alle lyding, en alle herinnering aan so-iets, verdwyn het vir Ewigheid. Alles wat begin, eindig.

306 En hierdie Melgisédek was nie Jesus nie, want Hy was God. En wat Jesus en God verskillend gemaak het, dat, Jesus was die tabernakel waarin God gewoon het. Sien? Nou, Melgisédek. Jesus het beide vader en moeder gehad. En hierdie Man het nooit vader of moeder gehad nie. Jesus het 'n begin van lewe gehad en Hy het 'n lewenseinde gehad. Hierdie Man het geen vader, geen moeder, geen begin van dae of lewenseinde gehad nie. Maar, Dit was een en dieselfde Persoon, was dit. Melgisédek en Jesus was Een; maar Jesus was die aardse liggaam, gebore en gevorm in sonde. God se eie liggaam, Sy

eie seun, gebore en gevorm in sonde, om die angel uit die dood te haal, om die losprys te betaal, en om seuns en dogters vir Homself te ontvang. Begryp julle dit? Dis waarom Hy het—Hy 'n begin gehad het, Hy 'n einde gehad het.

307 Maar hierdie volmaakte liggaam, ter herdinking, as—as die akte van ons opstanding, God wou nie toelaat dat daardie heilige liggaam verderwing sien nie, omdat Hy dit Self geskep het. En het dit na vore gebring, en dit opgewek, en dit aan Sy regterhand laat sit.

308 En, vandag, is die Heilige Gees, wat daardie liggaam opgewek het, hier in die Kerk. Geseënd sy die Naam van die Here! En vertoon dieselfde wonders en krag. En eendag sal hierdie Heilige Gees, wat in die Kerk is, uitroep en oplig, en sal homself ontvang in hierdie liggaamsvorm wat sit aan die regterhand van die Majesteit van God, om bemiddeling te doen vir ons sondaars. En Daardeur word ons volmaak van sonde af gehou. Nie dat ons nie sondig nie; maar van sonde af gehou, in die Teenwoordigheid van God. Want, daar staan 'n bebloede offerhande tussen my en God, tussen jou en God. Dis waarom Hy gesê het: "'n Mens wat uit God gebore is, pleeg nie sonde nie, hy kan nie sondig nie." Want, as jy wedergebore is, lewe die einste Heilige Gees wat in daardie Liggaam gewoon het, in jou. En Dit kan nie sondig nie; die offerhande lê voor Hom. Doen jy dit dan opsetlik, wys dit dat dit vir jou onmoontlik is om in daardie Liggaam te wees. Amen. Dis die Evangelie. Daar is Dit.

309 Daarom, julle sien, weerspreek Dit nie enige van die Skrifte nie. Dit bind die Skrifte saam. Sien? "Dit sou onmoontlik wees vir diegene wat eenmaal verlig is." Dit is daar waar ons my vrae sal kry. Want, kry hulle net, dis hoe ons dit wil hê.

310 Let nou op. "Dis onmoontlik vir diegene wat eenmaal verlig is, om afvallig te raak om hulleself weer tot bekering te hernu, aangesien hulle die Seun van God opnuut kruisig, en Hom maak. . . en Hom openlik tot skande bring." Hulle sou dit nie kon doen nie.

311 Dan gaan jy daar na Hebreërs 10, waar Dit daar sê: "Want as ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die Waarheid ontvang het." En wat is sonde? Ongeloof.

312 As jy doelbewustelik die Heilige Gees die dinge sien doen wat Dit vanmôre net hier gedoen het, en sien dat Christus opgestaan het uit die dood, en Hy lewe in Sy Kerk en tussen Sy mense, en jy wys Dit opsetlik af, is dit onmoontlik om ooit na God toe te kom, omdat jy die Heilige Gees gelaster het.

313 Jesus het dieselfde dinge gesê, toe Hy daardie wonderwerke gedoen het.

314 Hulle het gesê: "Wel, Hy is Beëlsebub. Hy's 'n fortuinverteller. Hy's 'n duiwel."

315 Jesus het omgedraai, en gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe. Maar wanneer die Heilige Gees kom en dit doen, om 'n woord Daarteen te spreek sal nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld wat kom nie. Omdat julle die Gees van God, wat in Hom was: ''n Onrein gees' genoem het."

316 Dan, as ons opsetlik sondig, as ons sondig, opsetlik ongelowig is. Nie nadat ons die Waarheid ontvang, wedergebore is nie; ons sou dan nie kon sondig nie. 'n Sondaar kan nie die onverg-. . . 'n Christen kan nie die onvergeefbare sonde pleeg nie. Hy kan dit nie doen nie. Dis die goddelose wat dit doen. Dis die skyngelowige, nie die gelowige nie.

317 Daardie Joodse rabbi's, o, hulle het gedink hulle is gestyf, en hulle het D.D.'s en Ph.D.'s gehad. Hulle het gedink hulle het dit alles toegeknoop gehad, in 'n sakkie, maar hulle was die ergste sondaars. O, hulle kon. . . Jy kon nie 'n hand op hulle lê nie, op hulle lewe nie. Hulle was rein, moreel, en regverdig, op daardie manier. Maar hulle was ongelowiges.

318 En neem julle die woord sonde en vind uit wat dit beteken. Die woord *sonde* beteken "ongeloof." Daar's slegs twee faksies, dit is, 'n gelowige of 'n ongelowige. Dis, 'n geregverdigde persoon of 'n sondaar. Dis al. As jy 'n ongelowige is, is jy 'n sondaar; maak nie saak hoe goed jy is, hoeveel jy kerk toe gaan, of selfs of jy 'n prediker is nie. Jy's steeds 'n ongelowige.

319 Daardie Fariseërs was predikers, en hulle was ongelowiges, en in die hel vandag daaroor. Net so godsdienstig as hulle kon wees, en vroom, maar hulle het Hom nie geglo nie. En hulle het Hom "'n duiwel" genoem, en Sy Woord betwis. En sommige van hulle het gesê: "As u is, kom nou van die kruis af. Verrig 'n wonderwerk. Laat ons jou dit sien doen." Een het Hom oor die kop geslaan, met 'n stok, en gesê: "Profeteer en sê vir ons wie jou geslaan het, jy 'n profeet, en ons sal jou glo." Sien, ongelowiges! Hulle het geskynglo dat hulle gelowiges is, maar hulle was ongelowiges, onwedergebore, afgeskei, al was hulle heilig en vroom.

320 Tog, dis dieselfde ding wat vandag bestaan. Manne en vroue kan kerk toe gaan en die lang gesig hê, en—en vroom soos hulle kan wees, en nooit lieg, steel, en probeer hulle godsdiens uitleef so goed soos hulle kan. Maar, tensy hulle 'n gelowige is, is hulle verlore. So daar's geen tekort aan wettiese in die Bybel nie. Calvinisme is. . . Genade is wat God vir jou gedoen het, en werke is wat jy vir God doen. Dis absoluut geskei.

321 As jy ophou lieg, ophou rook, ophou steel, ophou egbreuk pleeg, met alles ophou, alles gedoen het, die gebooie onderhou het, en kerk toe gegaan het, elke Sondag gedoop, die nagmaal gebruik het, die voete van die heilige gewas het, alles gedoen het, die siekes genees het, en al daardie ander dinge gedoen

het, tensy jy gebore is van die Gees van God, uitverkies, is jy verlore. "Nie hy wat wil of hy wat hardloop nie, maar God wat genade betoon."

322 Esau het sy bes probeer om 'n Christen te word en kon dit nie doen nie. Die Bybel het gesê hy het bitterlik geween, 'n plek gesoek om hom te bekeer, en kon dit nie vind nie. Voor hy selfs gebore is, het God hom veroordeel, omdat Hy geweet het hy was 'n verrotte skelm in sy hart. God het dit deur voorkennis geweet. Hy het gesê: "Ek het Jakob lief, en Ek haat Esau." En Esau het na die ware heer gelyk. Hy het tuisgebly, gesorg vir sy ou blinde pappa, die beeste gevoer, en alles, was 'n goeie seun.

323 En Jakob was mamma se seun, ou verwyfde nuusaandraertjie. Dis wat hy was. Julle moet dit toegee. Die Bybel gee dit toe, bring dit uit. Het rondgeloop, alles gedoen. En—en mamma, rondgehang by mamma. Maar, tog, Jakob, met al sy voor-en-teëspoed, en sy verwyfde maniere, hy het steeds respek vir daardie geboortereg gehad. Dis die grondnoot.

324 Esau was tweemaal meer die ware heer as Jakob. As ons hom vandag moes beoordeel, om 'n lidmaat van ons kerk te wees, sou julle Esau vat, 'n duisend teen een, as julle hom nie geken het nie. Maar God het Jakob gevat.

325 Wat sou julle doen met Paulus, as hy 'n prediker wou wees? 'n Klein, ou haakneus-Joodjie, en 'n mond wat skeef sit, gaan voort net aan die twis, en hoe hy die Kerk gaan uitmekaarskeur. Hy gaan alles doen. Julle sou dink hy het die onvergeefbare sonde gepleeg. Maar God het gesê: "Hy's my dienskneg."

326 God vat mense en maak hulle anders, nie mense wat God vat en anders word nie. God neem die mens en maak hom anders. Dis nie wat jy doen, wat jy wil, wat jy dink nie. Dis wat God doen. Daar het julle dit. En dis die storie.

327 Nou, hierdie groot Melgisédek, watter storie hier oor Hom! Ons wil 'n bietjie lees, hierdie tipe. Ons moes so vinnig daardeur gaan. Ons gaan hieragter begin by 'n sekere deel van die Skrif, en ons gaan begin om en by die 15de vers.

> *En nog baie duideliker is dit* dat daar. . . *as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek.*

328 Nou, Melgisédek was 'n priester. Was hy? Hier is wat Hy was. Ons vind uit dat God, in die begin, 'n groot fontein van Gees was. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy het geen geboorteplek gehad nie. Hy het geen sterfteplek gehad nie. Hy het geen begin van dae gehad nie. Hy het geen einde van jare gehad nie. Hy was net so Ewig as wat Ewigheid Ewig is. Hy is nooit gebore nie. Hy het nooit gesterf nie.

329 En daarin, vind ons uit dat, Hy het sewe verskeidenheid van Geeste gehad. Is dit reg? Die Bybel het gesê, in die Openbaring, dat: "Die sewe Geeste voor die Troon van God." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die sewe-veelvoud, sewe-Gees. Ons vind uit, daar is sewe kleure. Daar is sewe kerktydperke daar. O, dit loop net. Sewe is volledig, en God was volledig. En sewe Geeste, en daardie Geeste was volmaak. Die eerste was die kleur rooi; volmaakte liefde, verlossing. En hoe, as ons tyd gehad het, om daardie kleure te gee en te wys dat elkeen van daardie kleure God se reinheid verteenwoordig. Amen. Daardie kleure, daar is sewe natuurlike kleure. Daardie kleure verteenwoordig die reinheid van God. En die. . .Daardie kleure verteenwoordig die motiewe van God, die gesindheid van God. Daardie sewe kleure, hulle verteenwoordig sewe kerktydperke, sewe sterre, sewe engele. Regdeur die Skrif, sewe predikers, sewe boodsakppers, sewe boodskappe, alles in die sewes. Sewe dae. Ses dae, en die sewende is die sabbat; volmaak, volledig. O, dis pragtig, as ons net die tyd gehad het om daarin te delf en dit na vore te bring, daardie kleure!

330 Neem die kleur rooi. Ons neem die eerste kleur, is rooi. Wat is rooi? Rooi is een teken van gevaar. Rooi is 'n teken van verlossing. En kyk jy na rooi deur rooi, watter kleur is dit? Wit. Dis korrek. So wanneer rooi Bloed gestort is, om rooi sonde te bedek; God, wat deur rooi Bloed kyk, kyk na rooi sonde, dit word wit. Die gelowige kan nie sondig nie. Beslis nie. Die Saad van God, die seëninge van God, bly op hom. God kan niks sien, behalwe die Bloed van Sy eie Seun nie. Maak nie saak wat dit is in Sy Kerk, wat dit is nie, God sien dit nie, omdat Jesus bemiddeling doen, voortdurend, die Hoëpriester. Geen manier vir hom om te sondig, wanneer so 'n Offerhande daar vir hom lê, soos hierdie nie. Sekerlik nie.

331 En nou as jy sê: "Wel, dit gee my 'n goeie kans. . ." Dan wys dit dat jy nie reg is nie.

332 Jy sal Dit waardeer. Jy sal Dit liefhê, as jy 'n ware Christen is, tot 'n punt dat sonde by jou sal spook sodat jy dit nie kan doen nie. "Want die Saad van God bly in hom, en hy kan nie sondig nie." Die Bybel het gesê: "Eenmaal gereinig deur die Bloed van Jesus, het geen begeerte meer tot sonde nie." As jy 'n begeerte het, is jou hart nie reg met God nie.

333 Nou, jy sal verkeerd handel, maar jy sal dit nie opsetlik doen nie. Sien? Jy—jy word daartoe uitgelok, en enigiets waartoe jy uitgelok word, of doen iets wat jy nie bedoel om te doen nie, dis nog nie sonde nie, jy dal berou hê die oomblik wat jy sien jy's verkeerd. Jy sal jou omdraai en sê: "Ek het nie bedoel. . .het dit nie gesien nie." Jy sal dit sê, regdeur die lewe. 'n Mens wil nie wees nie, dis waarom ons so onnosel en so in

die duister is, hier op aarde, dat daar 'n Bloed-versoening vir ons is, die heeltyd, om ons bedek te hou. Want, die eerste fout wat ons teëgekom . . .

334 Nou, daar's jou wettiese idee. "O, weet julle wat? Daardie vrou was geheilig. Maar, God sy geseënd, sy het verkeerd gedoen. Ek weet sy het teruggeval." Dis verkeerd. Sy het nie teruggeval nie. Sy het 'n fout gemaak. As sy dit opsetlik gedoen het, dan was sy nie reg, van die begin af nie.

335 As sy nie bedoel het om dit te doen nie, en sy stap voor die heilige Kerk van God en bely dit, en sê: "Ek's verkeerd, en vergewe julle my," is julle pligsgebonde om dit te doen. Doen jy dit nie in jou hart nie, dan behoort jy self na die altaar toe te gegaan het. Waar. Daar is die ware heiligheid in die kerk. Daar is egte heiligheid, die heiligheid nie van jou nie, maar van Christus.

336 Ek het geen heiligheid om vir Hom aan te bied nie. Maar ek vertrou op Syne, o, Sy genade, en ek het dit in my hart. Ek het dit nie verdien nie, niks wat ek kon doen om dit te verdien nie, maar deur genade het Hy my geroep en my uitgenooi om te kom. En ek het na Hom gekyk en Hy het die begeerte van my af weggeneem. Ek maak duisend foute in elke maand, in elke jaar. Sekerlik. Ek doen dit. Maar wanneer ek sien ek is verkeerd, sê ek: "God, ek het nie bedoel om dit te doen nie, U ken my hart. Ek het nie bedoel om dit te doen nie. Ek is daartoe uitgelok. Ek het nie bedoel om dit te doen nie. Vergewe U my, Here."

337 As ek verkeerd gedoen het aan my broer, sê ek: "Broer, vergewe my. Ek het nie bedoel om dit te doen nie." Sekerlik, God ken my hart.

338 O, daar het julle dit. Daar is die Bloedoffer. Daar is die krag van die Evangelie, daardie heilige Kerk wat voortbeweeg. Nie vanweë iets wat jy gedoen het nie; dis iets waarmee jy niks te doen gehad het nie. Daar is die Versoening.

339 Nou, hierdie Melgisédek, toe Hy na vore gekom het.

340 Ek wil julle 'n ander ding sê. Het julle ooit 'n—'n driehoekige stuk glas gevat? Jy neem 'n stuk glas wat driehoekig is, en plaas dit sodat die son daarop kan val, sal dit sewe volmaakte kleure voortbring. 'n Driehoekige stuk glas sal 'n reënboog voortbring. Dis presies reg. Nou, as ons tyd gehad het, sou ons daarop ingegaan het. Drie bring volmaaktheid: Vader, Seun, Heilige Gees; regverdigmaking, heiligmaking, die doop van die Heilige Gees. Daar is dit. Die volmaaktheid kom deur die drie. God bokant die mens; God, in die Mens genaamd Jesus; God, in die Kerk. Dan, die vervolmaking.

341 Die mens het gesondig, solank as wat God *hierbo* was in 'n Vuurkolom, God. Die mens het gesondig, liewer, voor God, solank as wat God in 'n Vuurkolom was, omdat hy steeds 'n onrein skepsel was, dierlike bloed is voor Hom gelê.

342 Toe het die Lam van God gekom, tweede definitiewe stap van God; dieselfde God, ander amp. En toe was hierdie God in . . . was in Christus, was dieselfde God as wat in die Vuurkolom was. En dieselfde God het vlees geword en het onder ons gewoon. En toe het die mens Hom bespot, dit was steeds aanspreeklik daarvoor. Daar was toe nog geen Bloed vergiet nie. Dis reg. Jesus het gesê: "Ek sal julle vergewe."

343 Maar toe het daardie selfde Een wat vlees was, weer in die Vuurkolom geword. "Ek kom van God. Ek gaan na God toe." Hier vind ons Paulus ontmoet Hom, op die pad onder na Damaskus toe, daardie selfde Vuurkolom. Ons vind Petrus ontmoet Hom in die tronk, daardie selfde Vuurkolom. Sekerlik. En ons sien Hom vandag, onder ons, dieselfde Vuurkolom.

344 Maar die volmaaktheid het gekom by die punt, dat die middel persoon . . . Nou, as daar toevallig 'n Jood hier is, of iemand wat die Ou Testament verstaan. Bewys dit, laat ek julle wys. Ek het nie die Ou Testament by my, op die oomblik nie. Dit is—is die Nuwe Testament. Maar by die offer van die toonbrood wat op die kousjerbord gelê het, in die Joodse offerhande met die reiniging van die tabernakels; vra enige Jood; van daardie drie stukkies brood, is die middelste stuk gebreek. Dit was Christus. Die middelste stuk is gebreek; Christus, die tussen-in. Het getoon dat daar 'n verbreking, êrens, moes wees, vir verlossing. En daardie stuk was beskou as verlossing, op die kousjerbrood.

345 En hier is Hy. En vanaand, wanneer ons nagmaal gebruik, breek ons die kousjerbrood, want dit is die liggaam van Christus. En Hy is gebreek by Gólgota, om 'n versoening vir ons sondes te wees, dat deur Sy geregtigheid ons Sy geregtigheid kan word. Want, Hy het ons sonde geword, sodat ons Sy geregtigheid kan word. Broer, dis suiwer genade. Absoluut. Daar's geen manier, enige ander manier waarop jy sou kon regverdig nie.

346 Nou, hierdie Melgisédek, hierdie groot Persoon wat ontmoet is op die pad. Hy het betaal, Abraham het aan Hom tiendes betaal. Hoe 'n groot Man moes Hy nie gewees het nie! Nou let op, gou.

> *een wat dit geword het nie kragtens die wet van . . . vleeslike* gebooie . . .

347 Sien julle nou daardie wettiese wet? Die wet het gesê: "Jy mag nie doodslaan nie. Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Jy mag nie steel nie."

348 Jesus het reg omgedraai, gesê: "Daar is gesê van hulle van ouds: 'Jy mag nie doodslaan nie,' maar Ek sê wie ook al kwaad is vir sy broer, sonder 'n rede, het alreeds doodgeslaan. Daar is gesê van hulle van ouds: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie,' maar Ek sê vir julle, wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het

alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." Daar het julle dit. Dit behoort vroue te leer hoe om aan te trek, hoe om te doen wat reg is. Trek jy verkeerd aan, en maak dat die mans na jou kyk op die verkeerde manier, is jy skuldig aan egbreuk pleeg net dieselfde asof jy deur die daad gegaan het. Jesus het so gesê.

349 En julle mense met hierdie saaglem-humeure, wat altyd galbraak teenoor iemand, kan nie uithou nie, en sulke dinge. Wees versigtig. Jy's skuldig as jy 'n woord spreek (teen jou broer) wat nie reg, nie regverdig is nie, rondgaan en dit afbreek. Jy hoef nie 'n mes in 'n man se rug te steek om hom dood te maak nie. Jy kan sy karakter breek en hom doodmaak, sy invloed doodmaak. Praat hier teen jou pastoor, sê iets slegs oor hom, jy kan hom net sowel geskiet het. Het iets gesê wat nie reg was nie, oor hom, wel, dit sal sy invloed doodmaak by die mense en sulke dinge, en jy's skuldig daaraan. Wat Jesus gesê het.

350 Nou, luister hier, waar—waarby Paulus hier probeer uitkom het. Ek hou van hierdie ou Bybel. Dit wys jou tereg. Kyk, o, kyk net hier. Nou, soos ons lees die veer-. . . "Dit is. . .want dit is volkome duidelik dat onse Here voortgespruit het uit Ju-. . ." Wag, ek meen ek het 'n ander vers hier wat ek wou lees. Nee, hier by die 16de.

> *een wat dit geword het kragtens die wet van. . .vleeslike* gebooie. . .

351 Dis wetties, julle sien. "O, broer, ek—ek behoort nie. Ek behoort nie. Ek weet, maar ek. . ." Dis nie dit nie. Dis liefde wat dit doen.

352 Hoe is ons nie daardeur nie! Ek het gesê: "As ek sou sê vir my. . .oor my vrou: 'O, wel, ek—ek—ek sou graag twee vroue wou hê. Ek sou graag met *hierdie* een wou rondloop, *hierdie* een daar doen. Maar as ek sou, sal my vrou my skei. . .En my kinders sal wees in. . .My bediening sal verlore wees.'" Jou vuil, verrotte huigelaar. Dis reg. Jy het haar nie reg lief nie, in die eerste plek. Dis presies reg.

353 As jy haar liefgehad het, sal daar geen wet daaroor wees nie. Jy sou haar liefhê, in elk geval, en jy sou by haar bly. Dis presies waar. En julle vroue sal dieselfde ding doen met julle mans. Dis reg.

354 Soms word vroue die plek, of. . .

355 Man sien een of ander klein Isébel vol grimering, julle weet, en—en hy gaan en val vir haar; miskien 'n goeie vrou. En dan noem jy jouself 'n Christen. Skaam jou. Jy het nog 'n dosis van die altaar nodig. Dis reg.

356 En sommige van julle—en sommige van julle vroue kyk rond na 'n ou kêreltjie met sy hare plat gesmeer, genoeg Vaselien daaraan om sy mond oop te maak. En dan julle. . .

357 Een ou meisietjie, hier nie lank gelede nie. Dit is nie 'n grap nie, want ek bedoel nie om dit as 'n grap te vertel nie. Maar die mense weet dat dit geen plek is om grappe te maak nie. Maar 'n ou meisietjie hier, sy. . .Daar was gawe seuns hier, Christelike seuns. Lang tyd gelede, toe ek hier pastoor was, het ons altyd net vir jong mans klasse gehad. En ek sou met die jong vroue praat op Sondagmiddag, oor seks en dinge. Dan die volgende Sondagmiddag, met die jong manne praat, en probeer om daardie dinge onder beheer te kry.

358 Een ou meisietjie het begin uitgaan met 'n ou verkrimptetjie, hier in die dorp, het sigarette gerook en het 'n flessie in sy sak gedra. En hy het 'n sportmotortjie in die dorp rond bestuur. Ek kon nie sien wat sy in daardie seun gesien het nie. Hy wou nie kerk toe kom nie. Hy sou daarbuite sit. Het haar in die kerk gesit hier, en dan sou hy daar buitekant sit, in sy kar, en wag, wou nie in die kerk inkom nie. Ek het eendag vir haar gesê. Sy het in New Albany gewoon. Ek het gesê: "Ek wil jou iets vra, meisietjie. Wat op aarde sien jy in daardie seun?" Ek het gesê: "Die eerste plek, hy haat die einste godsdiens wat jy—jy het. Hy verag jou Christus. Hy sal nooit vir jou 'n man uitmaak nie. Hy sal jou misrabel maak, jou hele lewe." En ek het gesê: "Wel, daar's goeie Christelike outjies hier met wie jy kan uitgaan. En daar verag jou pa en ma die gedagte dat jy uitgaan, maar jy gaan in elk geval, en jy dink: 'Ek's salige sestien.'"

359 Sy het begin grimering dra en rondloop, en voor jy jou kom kry, was sy in padkafees. Sy het nou al die Ewigheid ingegaan. Maar, toe, het sy hier gestaan. En weet julle watter verskoning het daardie meisie my destyds gegee, dat sy vir daardie seun lief was? Sy het gesê: "Hy het sulke oulike voetjies, en hy ruik so lekker." Kan jy jou dit voorstel? Parfumeer homself, dis 'n sissie, nie 'n man nie.

360 "Kyk," het ek gesê: "suster, ek sal liewer uitgaan met 'n Christelike seun wat voete soos gruiskarre het en ruik soos 'n muishond, as hy absoluut 'n Christen is." Dis reg. Waar. Ja.

361 Dis verskoning: "Sulke oulike voetjies, en ruik so lekker." Die klein padkafee-vlieg, het uiteindelik die lewe van die meisie geruïneer. Dis 'n jammerte, skandelik.

362 Die huwelik is eerbaar, maar dit moet biddend en eerbiediglik binnegegaan word. En opregte liefde vir daardie vrou sal julle vir altyd saambind. "Wat julle op aarde bind, sal Ek bind in die Hemel." Wanneer julle in die straat afloop daar oorkant, sy mag dalk oud en grys en verrimpeld raak, maar daardie selfde liefde wat jy vir haar gehad het toe sy 'n jong, pragtige vrou was, jy sal dit steeds hê.

363 Jy mag kromskouer raak, bleskop, en geplooide gesig en wat nog, maar sy sal jou liefhê net soos jy het toe jy met breë

skouers en krulhare staan, as dit regtig God is. Want julle kyk na die tyd wanneer julle die rivier daar oorkant oorgesteek het, wanneer julle sal terugspring, weer na jong manne en jong vroue, om vir ewig saam te lewe. Dis God se Ewige belofte. Hy het gesê Hy sal dit doen. Hy, nie net dat . . . Ons sal daarby kom oor ’n minuut. Hy het gesweer Hy sal dit doen.

364 Luister hierna, waar ons voortgaan.

> *een wat dit geword het . . . kragtens die wet van . . . vleeslike* gebooie *nie, maar uit die krag van . . . onvernietigbare lewe.*

365 Nou gaan ons vinnig lees, sodat ons daarby kan kom.

> *Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.*

Solank daar ’n priester benodig word, sal Hy ’n priester wees.

> *Want* duidelik *is daar die opheffing van die voorafgaande* gebooie . . . *die swakheid en nutteloosheid daarvan,*
>
> *Omdat die wet niks volkome gemaak het nie;*

366 Jy kan nie, maak nie saak wat jy doen nie. Jy hou op drink, hou op rook, hou op leuens vertel, gaan kerk toe en probeer *dit* doen en probeer *dat* doen, jy’s steeds vleeslik. Dis slegs wet. Die wet maak niks volmaak nie. Maar wat maak volmaak? Christus. Glorie! Ek kan ophou lieg, ophou steel, ophou egbreuk pleeg, ophou pruim, alle dinge laat staan, en ek’s steeds vleeslik God ontvang dit nie, omdat ek niks het om Hom aan te bied ter versoening nie.

367 Maar die oomblik wat ek my hande lê op die geseënde hoof van die Here Jesus, en sê: “Here, ek is nikswerd. Sal U my neem as U dienskneg?” En God soen my sonde weg, ek staan volmaak in die oë van God. Dis reg. Waarom? Ek staan nie op my eie meriete nie. Ek staan op Syne. En Hy het ons vervolmaak, deur Sy lyding en Sy Bloed.

368 Ek sien dis tyd op af te sluit. Maar ek wil dit klaar lees as ek kan, gou.

> . . . *voorafgaande gebod weens die swakheid* is *nutteloosheid daarvan,*
>
> *omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van ’n beter hoop* (Wat is die beter hoop? Christus.) *waardeur ons tot God nader.*

369 Waarom? Deur al ons goedheid, en al ons goedheid, en al ons goedheid, is ons steeds vleeslik. Maar eenmaal in die Teenwoordigheid van God, in die besef dat ons nooit daar kan staan nie, slegs deur die meriete van Jesus Christus, dan nader ons tot God, deur die meriete van Sy Seun. “Here, ek kom na

U toe, met ’n onskuldige hart. In die Naam van U Seun Jesus, ontvang my asseblief.” O, broer, jy kom dan langs ’n lewende weg.

370 Nie: “Here, U weet ek het opgehou drink. U weet ek behandel my vrou reg. U weet ek doen *dit*. Ek doen *dat*,” nie. Jy het niks om aan te bied nie.

371 “Want die wet van vleeslike gebooie kon niks doen nie, maar die inbring van ’n ander hoop het. Daardie hoop wat Christus is, het ons as die anker van die siel, standvastig en seker.” Kyk.

En vir soverre *dit nie sonder eedswering was hy* . . .

Voornaamwoord, as julle sal oplet hierin, in ’n skuinsskrif.

. . . *maar Hy is priester:*

Nie net ’n priester nie, maar Hy is priester gemaak met ’n eed. Nie . . .

372 Kyk nou. Laat ons die res van die priesterdom neem.

(. . . *want húlle,* die Levitiese, regverdige, geregtige, eerlike manne, *húlle het sonder eedswering priesters geword,)*

373 God het net gesê: “Na die orde van—na die orde van Aäron, dat hy hierdie priesters gemaak het.” Hulle kom daar deur geslagte, en gaan skool toe en leer om predikers te wees ensovoorts. Hulle kom daardeur. So God het hulle só priesters gemaak. Hulle het hulleself priesters gemaak, deur hulle opleiding, deur hulle erfenis, ensovoorts. “Maar hierdie Man is ’n priester gemaak deur ’n eed wat God geneem het.” Luister nou aandagtig.

(. . . *want húlle het sonder eedswering priesters geword,*

maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie, amen*: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek* —)

in sover het Jesus van ’n beter verbond borg geword.

Nou, gou-gou.

En hulle het wel priesters geword in ’n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly;

Duisende maal duisende maal duisende priesters, omdat hulle niks gehad het as slegs dood en dood en swakhede, en dood en dood en dood nie.

374 Maar kyk na Hom.

Maar Hy (watter man?) Jesus, *omdat Hy* voortdurend *vir ewig bly, besit ’n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.* Waar is . . .

Daarom kan Hy ook volkome red, maak nie saak hoe ver, hoe laag, hoe ver weg, Hy is in staat om volkome te red, *dié wat deur Hom tot God gaan . . .*

Was nie op jou geregtigheid nie; maar op jou belydenis. Sien?

. . . wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Hy's net daar, voortdurend, om bemiddeling te doen.

Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskei van die sondaars is, en wat hoëpriester *in die hemele geword het;*

375 Daar is dit. Nou, as ek my eie saak probeer stel, sal ek dit verloor. As ek probeer stel, sê: "Wel, my pa was 'n goeie man. My pa was 'n prediker. Wel, ek het in die kerk gelewe." Ek verloor dit steeds. Maar hierdie Man is 'n volmaakte Een, Christus. Hy sit daar en bied Sy Bloed voortdurend aan vir my sondes. Daar het julle dit.

Wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het.

376 Kyk nou na die laaste vers.

Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakheid . . .

377 Dis wat die wet, die vleeslike wet, doen. Nou, ek wens ek kon net omtrent twee ure net hier gehad het. Dis hoe die wet steeds mense predikers maak. Dis reg.

378 Wel, hulle sê: "Wel, hierdie man het 'n kweekskool ondervinding." Ek sou nie my ou Hemelse ondervindinkie verruil vir al die kweekskole in die wêreld nie.

379 "Wel, ons het hierdie man opgelei. Hy's—hy's met die hand uitgesoek. Hy's 'n selfgemaakte man." Ek hou nie van daardie soort nie. Ek hou van 'n God-gemaakte man. Sien? Sien?

380 Maar die wet maak steeds priesters. Die wet maak steeds predikers. Die—die Baptiste kerk, hulle deel predikers uit, handevol van hulle, het 'n masjien wat hulle uitdraai. Die Metodiste het hulle. Die Baptiste het hulle. Die Presbiteriane, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, Pinksters, hulle draai hulle uit so vinnig as hulle kan, soos 'n groot regime, groot masjien. Staan daar soos 'n . . .

381 Ek het altyd gesê: "Ek—ek het sekerlik jammer gevoel vir 'n broeikas-kuiken." Julle weet, 'n bietjie van kuiken wat onder 'n broeikas uitgebroei is, hy's nie reg uitgebroei nie. Nee. Die hen is veronderstel om die kuiken uit te broei. Maar 'n broeikas-kuiken, as hy uitkom: "tjirp, tjirp, tjirp" hy net,

en het geen ma om na toe te gaan nie. Sien? Hy weet nie wat 'n ma is nie. Dis reg. Hy tjirp vir een, maar hy het nie een nie.

382 Maar die kuikentjie wat onder die hen uitgebroei het, op die natuurlike manier, hy tjirp en ma antwoord. Dis reg.

383 En somtyds dink ek aan hierdie kweekskool ondervinding van uit te kom onder hierdie groot broeikaste in Louisville en regoor die wêreld, broei predikers uit by die duisende. Pinkster broeikaste, en Presbiteriaanse broeikaste, en—en Baptiste broeikaste, hulle broei almal hulle—hulle—hulle kuikentjies uit. Hulle: "tjirp, tjirp, tjirp," en praat oor die broeikas waarin hulle uitgebroei is.

384 Maar ek wil graag 'n Vader, 'n Moeder hê. Geseënd sy die Naam van die Here! Is nie juis baie saam met my gebore nie, maar wat daar was, is my broers. Amen. Ons het 'n Moeder wat antwoord as jy. . .'n Moeder wat in die Hemel is, wat Moeder is vir ons almal. "Soos 'n hen haar kuikens koester, en vir hulle kloek, en—en kuier oor haar. . .broei oor haar kuikens, so sal Ek oor julle broei. O, Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek julle nie bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens nie! Hoe dikwels wou Ek julle nie Myne maak nie, maar julle wou nie. Julle het julle eie kweekskole gehad, het julle priesters uitgebroei. Hulle het julle teen My onderrig. Nou is julle aan julleself oorgelaat. Julle vernietiging lê voor julle."

385 Ek sê dit. O, mense! O, mense, hoe dikwels wou die Heilige Gees julle nie koester, soos 'n hen haar kuikens nie! Maar julle wil julle eie weg hê. Julle gaan julle eie weg daaroor kry.

386 Een van hierdie aande wil ek graag preek oor: "Jou eie weg." Julle weet, Kain wou sy eie weg hê. Die mens wil sy eie weg hê, vandag. "Maar daar is 'n weg wat reg lyk, maar die uiteinde is die dood."

387 Nou let op. "Daaroor het Hy gesê: ''n Nuwe—'n nuwe verbond. . .'" Ek meen, dat nou. . .Nee. Ek was by die verkeerde plek.

388 . . .ste vers.

> *Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig* durend *is.*

389 God word vir altyd geseën, met 'n Seun wat vir altyd voortgaan na die orde van Melgisédek. En Hy het nooit 'n begin gehad nie. Hy het nooit 'n einde nie. En die wet kon niks van die aard voortbring nie, want dit was vleeslik. Die kerk kan niks van die aard voortbring nie, die denominasies nie, want hulle is vleeslik. Die—die kweekskole kan nooit enigiets van daardie aard voortbring nie. Hulle het die wêreld probeer

opvoed Daartoe. Hulle het dit Daartoe probeer organiseer. Hulle het elke manier ter wêreld probeer, om alles te maak wat hulle kon, en die belangrikste ding agterweë gelaat: "Jy moet gebore word Daarin." God maak jou wat jy is, sekerlik, nie omdat jy *dit* ophou doen het nie.

390 Nou, die Nasaréners, jy moet nie 'n ring dra nie, jy kan nie 'n horlosie dra nie, en jy moet *sekere-sekere* dinge hê, jou arms moet *so* lank wees, die moue, jou rokke moet *so* lank wees, en die—en die mans kan nie aan die losie behoort nie. En hulle sal jou nie doop as jy dit nie doen nie. Goed. Hier kom die Katoliek in en hulle het hulle s'n. En hier kom die Metodiste in, hulle het hulle s'n. Elkeen van hulle het 'n maatstaf om te haal. Maak jy dit nie, goed, dis al. Sien?

391 En dan, maar die eintlike ding is, is dit: "Niks in my arms om te offer nie! Ek hou net aan U kruishout vas. O God, nakend, verwond, het hulp nodig. O, ek kom in alle ootmoed, Christus, bely dat ek niks is nie en daar niks in my is nie. Ontvang my, O God." Dan ontvang God jou.

392 Nou, jy ken dalk nie eens jou ABC's nie. Jy kan dalk nie koffie van gesplete ertjies onderskei nie. Jy kan dalk, dalk nie hie van ho, regter- van linkerhand onderskei nie. Dit maak nie enige verskil wat jy *nie* weet nie. Daar's een ding wat jy *moet* weet, dat, Jesus Christus jou plek as 'n sondaar ingeneem het. En jy neem jou plek, om te staan in Sy geregtigheid, bely elke dag dat jy verkeerd is, en het Hom lief met jou hele hart, en al jou motiewe is op Hom gerig, sal jy die Hemel haal. Dis al wat daaraan is, want die Lewe wat in Christus was, moet in jou wees, of jy's verlore.

393 Net voor afsluiting, onthou julle die onvoorwaardelike verbond wat God met Abraham gesluit het? Wat het Hy gedoen daardie aand toe God gesê het: "Laat my sien . . ." Toe Abraham gesê het: "Laat my sien hoe U dit gaan doen." 16de hoofstuk, dink ek is dit, van Génesis. "Laat my sien hoe U dit gaan doen."

394 Het gesê: "Kom hier, Abraham." En Hy het Abraham weggeneem, gesê: "Gaan haal vir My 'n—'n ram, en gaan haal vir My 'n—'n—'n bok, en gaan haal vir My 'n vers. En Ek wil hê jy moet hulle hierheen bring en 'n offerhande maak."

395 En Abraham het gegaan en die skaap gaan haal, en die—en die bok, en die—die—die lam . . . of die vers. En hy het hulle doodgemaak. Hulle was almal rein offerhandes. En het hulle halfpad in twee gedeel, en hulle uitgelê. Toe het hy gegaan en twee tortelduiwe gaan haal, en hulle bygegooi. Toe het Abraham die voëls van hulle af weggehou, gewag vir God om te kom. "Nou, Here, daar's die offerhande, hoe gaan U dit doen? Ek weet nie hoe U die mens gaan red teen sy eie wil nie. Ek weet nie hoe U dit gaan doen nie. Hoe kan U dit doen, Here?"

396 Die Here het gesê: "Nou kyk, Abraham. Jy's 'n profeet. Jy's geestelik, en jy sal verstaan waarvan Ek praat."

397 "Goed, Here, ek wil graag sien." Ek dramatiseer nou net.

398 "So, Abraham, kom jy nou hiernatoe, en sit hier en hou daardie voëls weg." Toe het hy al die voëls verwilder totdat die son begin sak het.

399 En die eerste ding wat gebeur, God het neergedaal. Toe Hy neergedaal het, begin Abraham vaak word. God het gesê: "Abraham, Ek gaan jou aan die slaap maak."

400 Nou luister, wettiese vriend. Sien, God het Abraham heeltemal uit die prentjie uitgehaal, glad niks wat hy daaraan moes doen nie. En dis hoe Hy jou gekry het. Jy het gesê: "O, ek het God gesoek." Jy het nie.

401 God het jou gesoek. "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Sien?

402 Dis God wat jou soek, nie jy wat God soek nie. Jy het dit nooit gedoen nie. Jou natuur is verkeerd. Jy's 'n vark. Jy weet nie van beter nie. Jy woon net in 'n varkhok. Dis al wat jy ken. Jy hou daarvan. Drink bier, mors rond, loop met die volgende man se vrou, en doen alles wat jy kan doen wat boos is, lyk maar net goed. "O, broer, ons geniet onsself!" Jy dink dis goed.

403 Maar God klop aan jou hart. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Dis wat verander. Nie jy wat aan God klop nie; God klop aan jou. Adam het nooit aan God se hart geklop nie. God het aan Adam se hart geklop. En jy's 'n seun van Adam. Dis reg. Voor Adam weer 'n seun van God kon wees, moes God aan sy hart klop. Voor jy 'n seun van God kan word, moet God aan jou hart klop.

404 Toe, het Abraham aan die slaap geraak. En toe hy aan die slaap geraak het, wat was die eerste ding wat hy gesien het? 'n Regte aaklige, spookagtige, angswekkende duisternis. Dis die dood, wat op die hele menslike ras kom. Toe het hy 'n bietjie verder as dit gekyk, en het hy 'n rokende oond gesien. Voor jy rook kan hê, moet jy 'n vuur hê. Dis waarom ek glo in die hel as 'n brandende plek. Goed.

405 Hy het gewys, elkeen van ons is onderworpe aan die dood, en elkeen van ons behoort hel toe te gaan, omdat ons sondaars is.

406 Nou, maar, anderkant dit, het hy 'n klein, wit Lig gesien.

407 En hierdie klein, wit Lig, wat is die Lig? Wat was daardie wit Lig? Daardie Vuurkolom wat voor die kinders van Israel uitgegaan het. Die Vuurkolom wat vir Paulus ontmoet het op die pad af na Damaskus. Die Vuurkolom wat Petrus uit die tronk gehaal het. Die Vuurkolom wat vanaand hier is.

408 Daardie Ewige, ewigdurende God, Hy Self het tussen hierdie deurgesnyde offerhande geloop, (o, goeiste), heen-en-weer by elke een. "Dit is hoe Ek dit gaan doen, Abraham. Hou My dop, wat Ek gaan doen. Ek maak hier 'n verbond. En Ek sal 'n eed sweer, dat volgens die Saad, Ek 'n Middelaar sal laat opstaan. Ek sal 'n verbond maak met die dood. En Ek sal die dood veroordeel, in die vlees, omdat Ek Self dit sal kom neem. Abraham," het gesê: "deur jou Saad, Abraham, sal kom. Jy sal die vader van die wêreld wees, deur jou Saad. En nie net jy, maak Ek hierdie belofte met jou nie, maar met jou Saad na jou." Hy het almal geken wat sou wees. "Nie *hulle* nie; maar wat Ek doen. Ek gaan dit doen, Abraham. Ek het Adam vertrou, en hy het syne verbreek. En almal verbreek hulle s'n. Maar Ek sal hierdie met Myself maak, en by Myself sweer: 'Ek sal dit hou.'" Amen. Amen. Amen.

409 Wat doen ons, as ons 'n verbond maak? Ek sê: "Broer Neville. . . " Kyk nou hierna, net 'n oomblik. Ek sê: "Broer Neville, sê jou wat ek sal doen. As jy sal preek toe. . . môre-aand, en die volgende aand, tot Woensdag. Ek sal preek, van Woensdag, tot Sondag." [Leë kol op band—Red.] "Maak jy daardie ooreenkoms?"

410 "Ja, meneer."

411 Dis hoe ons dit doen. "Skud, kêrel." [Broer Branham en Broer Neville skud hande—Red.] Daar is dit. Dis 'n verbond in Amerika. Dis hoe ons 'n verbond maak.

412 Nou, hoe maak hulle 'n verbond in Japan? Ons maak, sê: "Jy maak *so-en-so*, en ek sal *so-en-so* maak." Ons vat 'n knypie sout, want sout is 'n redder. En ons vat sout, en ek gooi dit op Broer Neville, en Broer Neville vat sout—sout en gooi dit op my. Dis 'n bindende verbond.

413 Hoe het David Livingstone 'n verbond gemaak met die Afrika-neger, om in sy land in te gaan? Hy het gegaan en die opperhoof gekry, dat hy daar kon deurgaan, om die Evangelie te verkondig en hulle werk te doen. En hulle het 'n glas wyn gevat. Hier's die verbond met die neger in Afrika. Hulle het 'n glas wyn gevat. En die neger opperhoof het sy eie are gesny en hulle laat uitbloei in hierdie glas wyn. En David Livingstone het sy eie are gesny, en dit laat uitbloei in die glas wyn. Hulle het dit omgeroer. Livingstone het die helfte daarvan gedrink, en die neger opperhoof het die helfte daarvan gedrink. Toe gee hulle 'n present, een vir die ander, die neger opperhoof. David Livingstone het gesê: "Wat vereis jy van my."

414 Hy het gesê: "Daardie wit jas wat jy aanhet." Toe het Livingstone sy jas uitgetrek en dit vir die neger opperhoof gegee. Hy het gesê: "Wat vereis jy?"

415 Hy het gesê: "Daardie heilige spies wat jy in jou hand het." Want, hy het geweet hy sou daarmee kon ingaan, toe vat hy daardie spies. En hulle was broers, omdat hulle 'n verbond gemaak het.

416 En waar hy uitgegaan het, en die stamme uitgehardloop het om hom dood te maak, het hy daardie heilige spies opgesteek. En wanneer hy het, het hulle gekyk en het hulle gesê: "O, o, ons kan daardie man nie aanraak nie." Waarom? "Hy's 'n verbondsbroer, al is hy wit, het ons hom nog nooit tevore gesien nie." Hulle het nooit geweet hulle is swart totdat hulle hom gesien het nie. Hulle het sulkes nooit tevore gesien nie. "Maar hy's 'n verbondsbroer. Hy het die opperhoof se spies in sy hand."

417 Watter pragtige prent, vandag, van die verbond van die Bloed van die Here Jesus te drink, met die krag van die Heilige Gees op ons! Ons gaan vorentoe in die Naam van Jesus, en hierdie tekens sal hulle volg wat deel is. Dis die heilige Spies van die Opperhoof. Sien julle hoe is dit, die verbond?

418 Hoe het hulle dit gedoen in die Oosterse tyd? Hulle het 'n eed afgelê, die een vir die ander. Hulle het 'n dier doodgemaak, dit oopgesplit, en reg tussenin gestaan. Die—die twee mans het daartussen gestaan, die gesplete dier. En hulle het 'n verbond opgetrek. "As ek nalaat om *dit* te onderhou, as ek nalaat om *dit* te doen, wel, *dit* en *so—en—so,* laat my liggaam wees soos hierdie dooie dier. Laat my liggaam wees soos hierdie dooie dier." En wanneer hulle dit doen, neem hulle hierdie verbond en staan *hier* tussen; maak 'n eed, neem 'n eed dat hulle dit sal doen. En hulle skeur die papier, saam, uiteen, en oorhandig dit aan een man, die ander een die res. Op 'n sekere tyd sal hulle ontmoet. En laat hulle die dood sterf, as hulle nalaat om daardie eed te hou; en wees soos daardie dooie dier. Goed.

419 Let julle op die drie diere? Die volmaakte; die lam, bok...en die drie volmaakte offerhande. Wat was die lam...Wat was die tortelduif? En wat het die twee tortelduiwe bedoel? Die twee tortelduiwe is geoffer vir beide verlossing en genesing, in die—in die...wat daarin gegaan het. Sien? Die Versoening is gemaak, anders, maar genesing het net so voortgegaan, en so het verlossing net so voortgegaan. Die twee tortelduiwe, nie verdeel nie, het bedoel hulle word verteenwoordig, beide. Verlossing... "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Vir ons oortredinge is Hy deurboor. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Hulle is eenkant neergelê, nie verdeel nie. Maar die verbond, die deel van die dier is (drie van hulle) uitmekaar gesny. Sien julle? Dan wanneer hulle dit gedoen het, het hulle geskeur en hulle verbond gemaak.

420 Kyk wat God vir Abraham aan die sê was. "By Gólgota, by Gólgota, volgens jou Saad. Uit jou het Isak gekom. Uit Isak het so-en-so gekom, Jakob. Uit Jakob het Josef gekom. Uit Josef, sovoorts, sovoorts, sovoorts, opvolgens, tot, uiteindelik, deur daardie regverdige Saad!" Sy . . .

421 Hy het pas hier deurgegaan, gesê dat ons Here gespruit het uit 'n nasie wat Moses nie geken het nie, nooit eens daarvan gepraat het nie. Het uit 'n priesterskap gekom. "Ons Here het gespruit uit die stam van Juda." Nie uit Levi nie, want hulle was vleeslike wettieses. Maar ons Here het uit Juda gekom. Glorie! Daar het julle dit. Waar die belofte gemaak is!

422 Luister nou aandagtig, soos ons afsluit. En by Gólgota, het God neergedaal en die liggaam geneem van Sy eie Seun, waarin Hy gelewe het, en Hy het dit uitmekaar geskeur by Gólgota. Sy bloeding, gewond, gesny, en die spies is daarin gesteek en het Hom uitmekaar geskeur, en Sy Bloed het uitgestroom. En Hy het gesê: "Vader, in U hande gee Ek My Gees." Hy het Sy hoof gebuig. En die aarde het geskud, en die weerligte het geflits, en die donderweer het gedreun. God het Sy ewigdurende verbond geskryf.

423 En Hy het Sy dooie liggaam uit die graf geneem, op die eerste dag van die week, en dit opgebring na die Hemel, en dit daar gesit as die Hoëpriester, as 'n monument; sit daar, volmaak, vir altyd. En Hy het die Gees wat Hy uit daardie liggaam geskeur het, reg terug afgestuur op die Kerk. En daardie Kerk sal dieselfde Gees moet hê as wat in daardie liggaam was, of dit sal nie Daarmee inskakel in die opstanding nie. Daardie twee stukke moet perfek saamkom. En as hierdie Kerk nie volmaak, net presies dieselfde Gees is wat in Christus was nie, sal julle nooit in die Wegraping gaan nie.

424 Daar's die ewigdurende verbond, broer. Ondersoek dit, self, wat in jou eie hart is. Jy moet die Here liefhê. Wees regtig seker jy's gered. Moenie daarmee 'n kans waag nie. Jy dobbel. O, julle, ons Amerikaanse mense, hou van dobbel, maar jy dobbel nie Daarmee nie. Wees jy seker dat jy reg is. Nie omdat jy by die kerk aagesluit het nie, maar omdat jy waarlik wedergebore is, Christus na jou gekom het, in die Persoon van die Heilige Gees.

425 Nou, net aansluitend, ook, net soos wat ek afsluit. Hoe gelukkig behoort ons nie te wees, om dieselfde Gees wat in Jesus Christus was, reg onder ons, te sien dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was nie! Hoe gelukkig behoort ons nie te wees nie!

Laat ons nou bid, terwyl ons ons hoofde buig.

426 Here, dit was 'n groot dag gewees. Hoewel, ek voel soos ek altyd voel, dat ek faal. Ek kan Dit nie reg aanbied nie, Here. Ek bid dat U my sal vergewe vir my dom maniere. O, ek bely my

sondes voor U, en vra om genade, in die wete dat daar ’n groot Hoëpriester staan oorkant aan die regterhand van God, in die Hemele, wat nie volgens Aäron gemaak is, volgens die wette en wettieses en dinge nie. Maar Hy is daar geplaas vanweë die genade van God wat vooruitgesien het, voor die grondlegging van die wêreld, en my hier in die wêreld gesien het, en gesterf het vir my sondes, om my terug te bring na die Koninkryk van God. Ek dank U, Vader, hiervoor.

427 Want, hierdie Gees wat nou in u mense regeer, is Ewig soos God Ewig is. “Ek gee aan hulle Ewige Lewe, ewig Lewe, ewigdurende Lewe, en hulle sal nooit vergaan nie.” En by die Oordeel, sal hulle nooit daar wees nie. Hulle het reeds by oordele verbygegaan en aangegaan in Heerlikheid in: “En as hierdie aardse tabernakel vergaan, het ons alreeds een wat oorkant wag vir ons om in te kom.” Dankie vir dit, Here.

428 Ek bid nou, as daar een hier is, vanaand, wat nog nooit die ware Bloed van die verbond gedrink het nie, wat nie weet wat Dit beteken nie, nie weet wat dit beteken om wedergebore te wees, om ’n ware gemeenskap met Christus in hulle hart te hê nie, of haar hart nie, mag hulle Hom net nou ontvang, terwyl ons wag en hierdie geleentheid gee. En op daardie Dag, ons bid dat ons die Evangelie in die regte Lig aangebied het. Ons bid, in Christus se Naam.

429 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, sal daar ’n persoon wees wat sy hande sal opsteek na Christus, en sê: “Christus van God, wees my genadig. Laat my, as U onwaardige dienskneg, nou die Heilige Gees in my hart ontvang. En gee my die versekering en liefde wat ek regtig nodig het”? As jy Dit nie het nie, sal jy net jou hande na Hom opsteek, sê: “Here, dit is ’n teken dat ek Dit begeer”? Sal jy jou hand opsteek? God seën jou daar oorkant, dame. God seën jou hier, meneer. Seën jou hier, meneer. God sy met jou. Dis mooi. Hierdie man hier op die punt, God seën jou, my broer. En iemand anders, net voor ons afsluit, wag net vir ’n paar oomblikke. God seën jou daaragter, seun. Iemand anders?

430 “Ek vra nou. Ek vra, Here God. U ken my hart. U weet wat in my gemoed is. U: ‘Die Gees van God is kragtiger en skerper as ’n tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van die murg van die been, en ’n onderskeier van die gedagtes van die hart.’” Dink Daaraan. Hy ken jou einste gedagtes, jou bedoelinge.

431 Sal jy jou hand opsteek, sê: “Wees my genadig, God, net nou. Ek—ek wil hê U moet weet dat ek weet ek is verkeerd, en ek besef dit, maar ek wil reg wees.” Goed, terwyl ons net ons hoofde afhou, nou bid, dink net ’n oomblik. Ons wil nie haastig daaroor wees nie.

Ewig' Rots, geklief vir my,
Laat my skuiling by U kry;
Laat die water en die Bloed,
Uit U sy, die ew'ge . . .
My tot heil wees . . .

Dubbele genesing! Hy het daarby gesweer, twee onveranderlike dinge.

Teen die sonde, skuld en mag.
Wyl ek put . . .

432 O Here, skenk net nou dat ons almal sal besef dat hierdie asems wat ons teug, vlietend is. Ons weet nie hoeveel meer nog voor ons lê nie. Dis alles in U groot raad. Dit word deur U bepaal. O, wees ons genadig. En vir hulle wat hulle hande opgesteek het, Here, daar is geen noodsaak om hulle op te noem nie. U ken elkeen van hulle. Maar ek bied net hierdie gebed van bemiddeling vir hulle aan. Ek bid dat U die veroordeling uit hulle hart sal wegneem, en hulle moedig sal laat kom, net nou, na die Troon; moedig loop tot reg by die Troon van God, hulle Godgegewe voorreg opeis. U het hulle hulle hande laat opsteek. Hulle kon dit nie uit hulleself gedoen het nie. Ek bid, God, dat U dit sal skenk in Jesus se Naam. Amen.

. . . myself in U;

Nou, aanbid Hom nou net.

Laat die water en . . . (O, goeiste!)
Uit U sy, die ew'ge vloed,
My tot heil wees en tot krag,
Teen die sonde, skuld en mag.

433 Hoeveel voel nou regtig goed? Steek jou hand op, sê: "Prys die Here!" [Gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.] O, Hy's wonderlik! O!

Daar's Plek By Die Fontein. Ken jy dit, Suster Gertie? Laat ons. Hoeveel hou van daardie lied? Ons gaan nou 'n doopdiens hê, net binne 'n oomblik. [Broer Branham praat met Broer Neville:—Red.] "Gaan jy hulle doop?" Goed.

Plek, ja, daar is plek,
Daar's plek by die Fontein vir jou;
Plek, plek . . .

434 Goed. Daardie kandidate vir doop, die mans sal na *hierdie* kamer gaan, die vroue na *hierdie* een, goed, diegene wat gedoop moet word in die geseënde Naam van ons Here.

. . . goed vir jou,
Daar's plek by die Fontein vir jou;
God was baie goed vir my,
Daar's plek by die Fontein vir jou.

435 Almal nou.

Plek, plek, ja, daar is plek,
Daar's plek by die Fontein vir jou;
O, plek, plek, ja, daar is plek,
Daar's plek by die Fontein vir jou.

436 O, ek hou van daardie ou lied. En julle?

Daar's plek, by die Fontein vir jou;
O, plek, plek, daar is baie plek,
Daar's plek by die Fontein.

437 Nou terwyl die ouderlinge ingegaan het, om gereed te maak vir die doop, wil ek graag aan die gehoor verduidelik. En sal party van die diakens vra, of hulle my kan hoor in die kamer, wanneer hulle gereed is, kom en—en my sê, en sodat ons die mikrofone kan skuif. Ons wil hê julle moet dit almal sien. Omtrent tien minute langer wees, en die kerk sal verdaag word.

438 Nou wil ek 'n paar van die heilige Skrifte vir julle lees. Ek wil hulle lees uit die Boek van Handelinge. En ek wil begin by die 12de vers van die 2de hoofstuk van Handelinge.

439 Nou, ek wil hê julle moet oplet in die 16de hoofstuk van Lukas, of van Matthéüs, dink ek is dit, dat Jesus van die berg afgekom het. Hulle. . . Het vir Sy dissipels gesê: "Wie sê die mense is Ek, die Seun van die Mens?"

440 "En sommige van hulle het gesê, wel, U is 'Elía.' En sommige sê dat U—U 'die profeet' is. En sommige sê dat U *dit* is of *dat*."

441 Hy het gesê: "Maar wie sê julle dat Ek is?"

442 En Petrus het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

443 Jesus het gesê: "Geseënd is jy, Simon seun van Jona, want vlees en bloed het dit nie geopenbaar nie. Jy het nooit in 'n kweekskool geleer nie. Jy het Dit nooit my mense geleer nie." Het gesê: "Maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar. En Ek sê dat jy Petrus is. Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou. Die poorte van die hel sal nie Daarteen standhou nie. En Ek gee aan jou die sleutels tot die Koninkryk van die Hemel." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "En wat jy ook al ontbind op aarde, sal Ek in die Hemel ontbind. Wat jy op aarde bind, dit sal Ek in die Hemel bind." Het Hy Dit bedoel? Hy sou Dit nie gesê het nie. Nou, soos die tyd voortgerol—gerol het, nou, het Petrus die sleutels tot die Koninkryk gehad.

444 Nou, julle Katolieke mense, julle mag dit dink, dat julle sê: "Die Katolieke kerk is op Petrus gebou." Goed, ons sal uitvind. "Hulle het die sleutels gehad. Die Katolieke kerk het steeds die sleutels."

445 Laat ons uitvind wat *Petrus* gedoen het in verband met die sleutels, sien, dan sal ons uitvind. Die Bybel het gesê, aan

Petrus en vir die van die apostels: "Gaan julle dan in die hele wêreld in. Wie ook al se sondes julle vergewe, aan hulle is hulle vergewe. Wie ook al se sondes julle behou, aan hulle is hulle behou." Dit, ek mag dit sê sodat . . . Iemand mag dalk nie verstaan wat ek bedoel nie. Jesus het vir die apostels gesê: "Wie ook al se sondes julle vergewe, sal Ek hulle ook vergewe. En wie ook al se sondes wat julle nie vergewe nie, en dit teen hulle hou, sal Ek dit ook teen hulle hou." Dis wat Jesus gesê het.

446 Kyk hoe die Katolieke kerk daarheen strewe.

447 Maar laat ons uitvind hoe hulle dit gedoen het. As ons dan uitvind hoe hulle dit gedoen het, dan behoort ons dit op dieselfde manier te doen. Nou laat ons uitvind.

448 Dis die Pinksterdag. Die Kerk word igehuldig. Hulle was almal in 'n bo-kamer. Manne het daar uitgekom, gepraat in verskillende tale. Waarom? Elke taal onder die Hemel was daar verteenwoordig. Engels was ook daar. Elke taal onder die Hemel moes daar wees, watter taal in daardie dae gepraat is. Gaan voort hier en gee baie van die tale, en hoe die Kretense en vreemdelinge, en bekeerlinge van Rome, en—en—en Arabiere, en almal praat en verhoog . . . Nou, hulle het nie in onbekende tale gepraat nie. Hulle het in bekende tale gepraat, met mense. Nie onbekende tale nie, maar tale wat elkeen verstaan het. Die sondaar, die ongelowige, kon hoor wat hy gesê het. "Hoe hoor ons in ons eie taal waarin dat—dat ons gebore is?"

449 Nou kyk. Nou kom die vraag. Nou: "Ander het gespot." Die 12de vers, goed.

> *En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees?*
>
> *Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn.*

450 Hulle het hulle bespot. Want, wat het hulle gedoen? Hulle het gesteier soos dronk mense, soos dronk mense. Gepraat, nie geweet wat hulle gesê het nie, maar het vir die gemeente gepreek in tale wat hulle nie geken het nie, maar die gemeente geken het. Sien? Goed.

> *Maar ander het . . . gesê: Hulle is vol soetwyn,* kyk hoe tree hulle op.
>
> *Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol . . .* "Maar Petrus . . ." Pasop, kêrel! Jy het die sleutels.
>
> *Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: . . .*

Nou, onthou, dit is die eerste inhuldiging van die Kerk.

> *. . . Joodse manne, en . . . julle wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde.*
>
> *Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre.*

Die kroeë was toe nog nie eens oop nie. Sien?

Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is:

. . . in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, op *julle seuns en . . . dogters,* en hulle *sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.*

En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, . . . hulle sal profeteer.

En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, . . .

Nou, Petrus wat nou preek, die een met die sleutels.

. . . bloed . . . vuur . . . rookdamp.

Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom.

En elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal gered word.

Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat hy . . . onder julle gedoen het, . . . julle . . . self weet —

Praat van 'n teregwysing? Hy het die sleutels gehad, weet julle. Wees . . .

Hom, wat deur die bepaalde raad in voorkennis van God oorgelewer is, . . .

Daar het julle dit. Hoe kon Hy ooit oorgelewer word? Omdat God dit voorbestem het om so te wees. Sien? Voorkennis van God!

451 ['n Broer sê, vir waterdoop: "Gereed."—Red.] Net binne 'n oomblik. Sê vir hulle, wag net 'n minuut, totdat ek klaarmaak met die Skrif.

. . . het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring;

Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was . . . Hy daardeur vasgehou sou word.

Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy . . . aan my regterhand, en *Ek nie* sal *wankel nie.*

Daarom is my hart bly en my tong laat *juig, ja, ook sal my vlees . . . rus in hoop.*

Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie.

U het My my *weë*. . .my—my *weë,* my *weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde* en *by* my *aangesig.*

Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid,. . .hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons. . .vandag toe.

Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het. . .

Ek het dit pas gepreek.

. . .*dat* volgens—volgens *die* vrugte *van sy lendene* hy gee. . .*wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,*

Net wat ek pas gepreek het. Petrus preek dieselfde ding.

En *het hy, omdat hy dit vooruit gesien het,* die profeet het dit vooruit gesien, *gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.*

Hierdie Jesus het God opgewek waarvan ons almal getuies is.

Nadat Hy dan deur die regter. . .van God verhoog is, verhoog is in die hemel *en van die Vader. . .belofte van die Heilige Gees ontvang het,. . .Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor.*

Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, (die profeet), *maar hy sê self: die* Here *het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand*

Totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.

Laat dan (luister hierna) *die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.*

Dit behoort dit te beslis. Nie so nie?

Toe hulle dit hoor, daardie sondaars, is hulle diep in die harte getref en het vir Petrus gesê. . .Wat. . .en Petrus. . .die ander. . .die apostels gesê:

Wat moet ons doen, broeders?

452 Goed. Hier het julle dit. Wat het hy gekry? Die sleutels, die sleutel tot die Koninkryk. Waar is die Koninkryk? Dis binne-in jou. Dit reg? Die Heilige Gees is die Koninkryk van God. Ons weet dit. Ons is gebore in die Koninkryk in, as onderdane en gesante. Kyk. Hy het die sleutels aan sy sy. "Wat gaan jy daarmee doen?" Hierdie is die eerste keer dat die deur ooit oopgemaak is.

453 Nou, die vraag word die prediker gevra, vir die eerste keer, die een met die sleutel. Ek meen as hy gesê het: "Staan op julle kop," sou dit amptelik gewees het.

454 "Wat jy ook al bind op aarde, sal Ek in die Hemel bind." Goed. "Wat jy ook al sê, Ek gaan dieselfde ding sê. Jy het die sleutel." Goed. Hy steek die sleutel in die deur in.

> . . . Wat doen jy wel? *Wat moet ons doen, broeders?*
>
> *Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref, en het . . . gesê: . . ., broders.*
>
> *. . . Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van* sonde, *en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*
>
> *Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.*

Dit het dit vir altyd afgehandel. Geen persone ooit, in enige tyd, sou Dit ooit, ooit kon weerspreek nie.

455 Die Katolieke kerk het voortgegaan, in plaas van onderdompel te word, besprinkel hulle. In plaas van die Naam van Jesus te gebruik, het hulle "Vader, Seun, en Heilige Gees" geneem. Is nooit in die Bybel geleer nie.

456 Elke persoon, van daardie tyd af aan, is gedoop deur onderdompeling in die Naam van Jesus Christus. En sommige was onderdompel deur Johannes die Doper, wat vir Jesus gedoop het, en Paulus het vir hulle gesê hulle kon nie die Heilige Gees so ontvang nie. Hulle moes terugkom en, weer, oorgedoop word, in die Naam van Jesus, voor hulle die Heilige Gees kon ontvang. Hoeveel weet dis die Skrif? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Handelinge, die 19de hoofstuk. Daar het julle dit. Want, die Koninkryk van die Hemele is verseël vir enige ander manier, met 'n eed van Jesus Christus, dat dit in die Hemel amptelik sou wees.

> *. . . Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vegewing van* julle *sondes, . . . julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*
>
> *Want, die belofte kom julle toe en julle kinders . . . almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.*

Amen. Laat ons bid.

457 Vader, God, vanaand, het negentienhonderd en iets jaar verbygegaan, tog roep die eerlikheid en die integriteit van menslike harte steeds na God, soos kinders wat roep om die melk van hulle moeder se bors. Ons het U lief, Here. Ons kan

nie sonder U lewe nie. Soos Dawid gesê het: "My siel dors na U, soos die hert na die waterstroom." Hy moet Dit hê of sterf.

458 En, Vader, ons het die Skrifte gefynkam, heen-en-weer. Nie om anders te wees nie, maar ons sien hierdie kweekskole, hierdie teologie-studente vandag, wat verkondig volgens die verordeninge van mense, en nie die verordeninge van God nie. Daarom, Here, ons verag nie daardie mense nie, maar ons verag daardie dinge wat hulle leer. Daarom, Here, vra ons dat hulle ons broer word. Ons vra dat U hulle vergewe vir hulle fout. En ons bid dat hulle na die Skrif sal kom, Dit sal lees, nie op die manier wat sommige kweekskole Dit leer nie, maar volgens die manier wat God Dit geskryf het.

459 Ons bid, God, nou, dat hierdie kandidate kom vanaand vir waterdoop. Soos ons moedige pastoor in hierdie preekstoel instap hiervandaan, om die Evangelie te verkondig, hierdie selfde Evangelie; en dan na die doopbad, om te begrawe. Skenk dit, Here, dat elkeen van diegene die Heilige Gees sal ontvang, omdat U die belofte gegee het: "Julle sal die Heilige Gees ontvang." Mag die Gees van God bokant die water wag, om die kandidaat te ontvang, vanaand, want ons gee hulle in U hande, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Die Boek Van Hebreërs

Hierdie elf Boodskappe deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels vanaf 21 Augustus tot 22 September 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf die magnetiese bandopnames en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2009 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org